

Hoofstuk van die dag: Lukas 9

> *(Moses en Elia) het in hemelse glans verskyn en met Hom gepraat oor sy uittog wat Hy in Jerusalem sou voltooi. (vers 31)*

Daar is drie dinge wat ons hier moet raaksien.
Een: Ons sien Jesus hier soos Hy werklik is – heilig, heerlik, God! En al kan ons Hom nie met ons gewone oë só sien

nie, moet ons Hom met ons geloofsoog altyd só sien.
Twee: Moses en Elia, wat met Jesus kom praat, was óók omhul met ’n hemelse glans (vers 31). Hulle kom uit die hemel, uit die teenwoordigheid van God, en in sy teenwoordigheid kan dit nie anders nie as dat jy iets begin vertoon van sy heilige heerlikheid.
Drie: Jesus se voorkoms het verander _terwyl Hy besig was om te bid._ En ons? Is dit dalk omdat ons nie lank genoeg in God se teenwoordigheid vertoef nie, dat sy heerlikheid nie op ons afgee nie?
Jy kan nie wegsteek wie jy is nie. As jy ’n innige, opregte verhouding met die Here Jesus het, móét dit uit jou oë begin skyn. Wat sien mense as hulle in jou oë kyk? Wat vertel jou gesig vir ander? Dat jy ’n heilige God aanbid? Dat jy ’n volgeling van die heerlike Christus is?

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026